

Affies Meisies opening verkort

Geagte Dr. van der Merwe, Juf Jordaan, lede van die Beheerraad, ouers en gaste. Baie dankie vir die geleentheid om die konsep en enkele idees aan u voor te lê. Die kunstenaar Jean Weltz het gesê: " Jy sien nie wat jy sien nie, maar jy sien wat jy weet. En as jy meer weet sal jy meer sien".

Graag vertel ek julle van die denke agter die ontwerp.

Ek glo die tyd het aangebreek dat ons Afrikaans en spesifiek die Afrikaner moet herskryf in 'n kontemporere idioom.

In hierdie projek het ons argitektuur as instrument gebruik om die doel te bereik om suksesvol deur te voer, benodig die argitek 'n klient met visie wat inkoop in die ontwerp filosofie.

Hier verdien die beheerraad onder leiding van Dr. Jack van der Merwe, boukommittee onder leiding van Mnr Nicol Labuschagne en Juf Jordaan al die krediet vir hul waagmoed en visie.

Die deursnit Suid Afrikaanse Skool word ontwerp om soos die volgende te lyk. " Sameness" (soos die Engelse se) en dit laat jou met 'n oninspirerende gebou.

Ek glo dat soos in die skandinawiese lande, 'n kind se skool die eerste en belangrikste kennismaking met Argitektuur en kreatiwiteit behoort te wees. 'n Estetiese omgewing se dividende word baie later eers verdiskonteer.

Ek hoop dat 'n paradigm skuif in Afrikaanse skole spesifiek uit hierdie projek sal voortvloei.

Die opdrag het bestaan uit drie geboue. Al drie intervensies moes aan die wereld wys dat Affies meisies vorentoe kyk as simbool van onafhanklikheid, kreatiwiteit en self vertroue. Die verlede word egter nie misken nie. Die Voortrekkerkappie word as verwysing gebruik in die sportsentrum, die lyne van die sestigerjare word by die ingangspaviljoen weerspieel en so ook die saal waar ek nou by gaan stilstaan

Ek wil graag meer vertel van drie hoof begrippe wat belangrik was in die ontwerp filosofie nl.

- 1.) Die integrering van Kuns en Argitektuur, 2.) Hoe oud en nuut ontmoet en 3.) vormgewing

Die integrering van Kuns en Argitektuur word volledig behandel in u program. Bestudeer dit gerus. Willem Boshoff se kompas roos, Elly Holm se Bokkie, Sanna Swart se deurhandvatsels, Elza Dzombaia se Idialisme word doelbewus en met maksimum effek met die argitektuur vervleg.

Ontmoeting van oud en nuut

Om met selvertrou vorentoe te kyk moet n mens eers weet waar jy vandaan kom. Institusionele geheue word van onskatbare waarde geag. Dit beteken dat storievertelling in die gebou oorgedra moes word vir toekomstige geslagte.

Die tweede tema hoe oud en nuut ontmoet vorm `n integrale deel van die ontwerp. As filosofiese uitgangspunt het ons die Burra Charter gebruik. Dit beteken net dat oud so gelaat moet word en nuut die gees van die tyd en tegnologie weerpieel word. Jy na- aap dus niks nie, wys die intervensies in die tydvak. Soos Dr. van der Merwe so raak opgemerk opgemerk het met ons eerste voorlegging “Die Piramide by die Louvre”

Die mees kontroversiële voorbeeld waar oud en nuut ontmoet, word gevind in die behoud van die ou struktuur balke, rou en ongepleister.

Met die oopkap van die balke in die saal het die rou eerlikheid van konstruksie en materiaalgebruik my aangespreek, in so `n mate dat die ontbloting daarvan ononderhandelbaar was. Daar bestaan ongelukkig nie `n Afrikaanse term om hierdie verskynsel te beskryf nie, maar in Japanees staan dit bekend as Wabi Sabi en behels karakter in materiaal, skoonheid in patina en struktuur, `n gestroopte eerlikheid. In Frans word dit Beton brut genoem, beton in sy brutale en eerlike vorm. Die houtmerke in die bekistingsplanke dui op oorspronklike metode en die blootlegging daarvan voorsien `n onverwagse leerskool. Hierdeur word die waarnemer uitgelok tot kritiese denke. Dit wys die presiese lyn en skeiding tussen oud en nuut. Dit vestig die aandag daarop..

Aan die buitekant gebruik ons `n donker staalkanaal waarin `n LED strook lig gemonteer is, om die ontmoeting van oud en nuut in die domker te beklemtoon. Gedurende die dag skei die skadulyd oud van nuut en in die donker dui die LED strooklig die skeiding aan.

Die skool se bestaande kurwende loopgang na die saal ontmoet die saal se nuwe loopgang rakelings en volg dieselfde lyn tot by die voordeur. Oud en nuut word geskei deur slegs van `n gaping tussen die twee elemente gebruik te maak. Versteekte ligte word lukraak in die nuwe loopgang se sofië ingegiet om die sterrehemel te simboliseer. Daar is geen patroon, slegs `n verwysing na die sterre, ook na die talle sterre wat die skool opgelewer het.

Ook die nuwe binnetrappe skuur as't ware skouer met die ou gebou, terwyl slegs `n venster as skeiding dien. Dit verskaf die ideale fokuspunt om Juffrou Steijn – die waarmaker van hierdie projek – se portret in lig gehul, te plaas. Hier aan die bopunt van die trap word sy erken en geëer vir haar voortgesette bydrae tot Affies en Afrikaans. Sy word simbolies en argitektonies op n hoer vlak en in lig geplaas.

Die hergebruik van materiaal vorm ook `n integrale deel van die ontwerp. Die voordeur is hergebruik. Sodoende gebruik die dogters wie huidiglik instap en diegene wie in die verlede ingestap het, dieselfde deur. `n Beklemtoning van kontinuiteit. Die blokkiesvloer van die ou

foyer het 'n nuwe lewe gekry in die portaal. So ook is die plaveistene soos mens aankom en binnegaan herbenut.

Die oorspronklike Noordelike fasade tekeninge het 'n onvervulde wens openbaar, naamlik dat die destydse Argitekthe mosaïek op die noorde fasade wou aanbring, maar nooit kon laat realiseer nie. Dit was dus net vanselfsprekend dat mosaïek nou 3 panele aan die noord fasade versier. Die enkele mosaïek op die ronde kolom binne in die saal is net so bewaar. In die suide fasade, Is daar weer vreemd genoeg n ronde kolom gebruik wat met mosaïek bedek is. Dit het ons net so gelos as n stukkie van die kollektiewe geheue.

Ook die nuwe materiaal vertel 'n storie, bydraend tot die reeds bestaande. Twee kleur skakerings van wit sinkplaatbekleding word in 'n lukrake patroon geïnstalleer om enersyds te dien as teenstelling met die oue en andersyds skaduwees van 'n wolk te simuleer. Met die teenwoordigheid van 'n wit wolk agter die saal, verdwyn die nuwe aanbouing in die wolke en is net die ou silhouette sigbaar. Hierdie wisselwerking tussen oud en nuut komplimenteer beide.

Vormgewing

Die vorm van die gebou is suiwer afgelei van die pragmatiese, akoestiek, ventilasie, klimaat behoud van die ou lyne en siglyne.

En hier moet ek dadelik omverskoning vra vir die tydelike vlekvrystaal pyp op die glas ballustrade wat eersdaags vervang gaan word. Hierdie onderbreking van sig is te wyte aan teenstellings a.g.v nuwe wetlike vereistes.

Die skaal van die skool in die konteks van loftus as agtergrond, het ons toegelaat om hoer op te gaan in plaas van om langsaam te bou.

Aan die skool se kant slang die loopgang tot by die nuwe voordeur op n baie menslike skaal. Dit lei jou na die voordeur en die lae foyer dwing jou om te fokus op die kunswerk met die nodige progressie van ruimte wat volg. Die gekurfdde blou muur kom haal jou en neem jou verder tot by die deure of die trap. en so word die ruimtes stap vir stap meer dramaties.

Ten slotte:

In die argitektuur teorieë word baie klem gelê op die konsep van Multivalente interpretasie en word dit gebruik as maatstaf van suksesvolle uitkomst. Multivalente interpretasie beteken eintlik maar net dat waarnemers meer sien en lees as waaraan die ontwerper bewustelik gedink het. Sodoende word 'n ontwerp op meer vlakke geïnterpreteer...

Byname van geboue is 'n uitvloeisel hiervan soos die skip by Tukkies, die Birdsnest in Beijing die Flatiron in New York. Dit was nie lank voor die dogters opgekom het met die bynaam of analogie van die karavaan. Die karavaan is 'n tydelike huis wat beskerm, simbool van tydelike vesting by die skool en op aarde, altyd gereed om aan te beweeg die toekoms in.

Soos ek vir die dogters Woensdag gese het Geniet vir nou julle gemoderniseerde of retro karavaan en pas haar mooi op sy moet nog vir baie geslagte diens doen.

bedankings

Ek graag persoonlik die volgende mense bedank. Ek sonder enkele persone uit, wie se bydrae hiedie projek verwesenlik het:

Die Beheerraad onder leiding van Dr. Jack van der Merwe, die Boukomitee onder leiding van Mnr. Nicol Labuschagne en Juf. Jordaan, wie almal die visie gedeel het. Van ons kantoor, Philip du Toit wie my as projekargitek bygestaan en `n behoorlike vuurdoop beleef het.

Ons konsultante span met uitstekende werk in moeilike omstandighede, bourekenaars Charl Botha, Fred van Niekerk en Willem du Plessis.

Die ingenieursfirma Aurecon onder leiding van Nicol Labuschagne en Stanley Read Herman Nortje asook Philip Kotze en mnr Johny de Angelo, wat ons gehelp het om die wa deur die drif te trek.

Ouers, Alumni en personeel julle kan met reg trots wees.

Baie dankie en geniet die wonderlike aand.